KEMPIE KLETS

Uitgawe 1

20 Januarie 2012

WWW.KEMPIES.CO.ZA

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Welkom in 2012!

Dit is alreeds so "laat" in die jaar, party wonder al weer wanneer is dit Kersfees.

Hier by die Kempies word daardie vraag nie gevra nie – daar is nog te veel werk wat gedoen moet word.

Mag elkeen van u tuis voel by die Kempies en gou inval by die werksaamhede en programme van die skool.

'n Besondere woord van welkom aan die Graad 8-ouers. Vir die wat reeds kinders in die skool het, is die inskakeling makliker, maar daar is baie eerste inskrywings onder die ouers. Die Kempies wil graag hê u moet maklik aanpas en gou trots raak om te sê jou kind is verbonde aan Hoërskool Kempton Park. Die skool is vanjaar 56 jaar oud, en die nalatenskap van hulle wat voor ons hier was, maak ons trots en dryf ons om elke dag ons beste te doen.

MATRIEKS 2011

Die matriekuitslae het 'n paar aangename verrassings gelewer. Die totaal van 305 A-simbole het man en muis opgewonde gemaak. So ook die matriek vrystellingsyfer van 60%. Vincent Hulk is wat A-simbole betref die beste presteerder met sy nege. Welgedaan! Van die personeel het ook reeds kennis geneem dat van ons vakke weer die beste prestasie in die distrik gelewer het. Volgende keer rapporteer ons hieroor.

WAARDE UITKLARING

Die afgelope 56 jaar het daar baie gebruike (tradisies) en gebeure by die Kempies verseker dat daar 'n definitiewe "***Kempie manier van doen***" ontstaan het. Dit het gemaak dat ek begin vra het wat in Kempies se harte klop? Wat motiveer ons? Wat is die eienskappe waaraan ons geken word? Hierdie waarde uitklaring oefening is gedoen en die volgende 6 waardes is geïdentifiseer:

- Respek
- Integriteit (volledig eerlik)
- Selfdissipline
- Lojaliteit
- Uitnemendheid
- Omgee

U sal deur die loop van die jaar meer oor elk van die waardes hoor. Belangrik om te weet dat hierdie waardes verwoord wat in Kempies se harte leef, en is nie 'n stel reëls wat afgekondig is nie. Hierdie is 'n oproep dat ons almal poog om bogenoemde 6 deel van ons mondering te maak.

BUSGELD 2012

Ons sal hierdie jaar weer vir kinders 'n bydrae moet vra vir wanner hulle per bus vervoer word. Ons het dit wat begroot is in verhouding tot elke aktiwiteit verdeel, en bereken dat dit R40 per kind per rit sal wees binne die radius van Witbank, Pretoria en Krugersdorp. Dankie dat ons u hiermee mag opsaal.

TEN SLOTTE

Maak asseblief seker dat u die Communicator op u rekenaar aflaai om sodoende deurlopende kommunikasie van die skool te ontvang. Ons volgende Kempie Klets verskyn 9 Februarie.

Groete

Roelof Burger

Skoolhoof

ATLETIEK : INTERHUIS 2012

Die Jaarlikse interhuis het Vrydag 20 Januarie 2012 plaasgevind. Die atlete het weer hope talent uitgestal.

Die volgende trofees is oorhandig:

1 **Geesbeker**: Rooi

2 **Spanprestasie**

Seuns

1. Rooi 338
2. Geel 295.5
3. Blou 283
4. Groen 193.5

Groen "Shrek"

Dogters

1. Blou 298
2. Rooi 271
3. Groen 233.5
4. Geel 222.5

Geel "SpongeBob"

Algeheel

4. Groen 427
3. Geel 518
2. Blou 581
1. Rooi 609

Blou "Smurfs"

Rooi "Cars"

Hierdie jaar het ons ook 'n nuwe kompetisie geloods, nl. Ysterman en Ystervrou waar 'n atleet aan 1 x Naellope(100 - 400), 1 x Middelafstand(800 - 3000), 1 x Hekkies (Kort of Lank), G/S, S/G,S/W,V/S,H/S moes deelneem in total 8 items.
Uitslae was as volg:

Ysterman Kompetisie			
5	Ruan Scheepers	0/15S	3536
4	Michiel Mostert	0/19S	3636
3	Marnus Gruber	0/16S	3731
2	Yster Louw	0/15S	4264
1	**Dean Koch**	**0/15S**	**4621**
Ystervrou Kompetisie			
5	Teneal Nel	0/14D	3119
4	Bianca Bezuidenhout	0/17D	3480
3	Nadine Theesen	0/17D	3609
2	Marne Jonker	0/16D	3696
1	**Charlize Jonker**	**0/19D**	**4242**

Trofee vir die beste prestasie per item Dogters en Seuns

		Dogter	ABSA		Seun	ABSA
1	**Verspring**	Luzandre v Zyl	908		Rudolf Maaren	941
2	**Driesprong**	Nadine Theesen	719		Eugene le Roux	664
3	**Hoogspring**	Monique Stander	780		Pieter Prinsloo	864
4	**Spiesgooi**	Rochelle Wepener	515		Estian Pretoruis	717
5	**Diskus**	Geraldine Duvenage	985		Francois Uijs	748
6	**Gewigstoot**	Monique Wagner	889		Estian Pretoruis	785
7	**100m Atleet**	Teneal Nel	879		Eckardt Rossouw	927
8	**200m Atleet**	Luzandre v Zyl	829		Eckardt Rossouw	883
9	**400m Atleet**	Luzandre v Zyl	767		Kevin Hinton	830
10	**800m Atleet**	Carla du Randt	943		Yster Louw	868
11	**1500m Atleet**	Christine Muller	800		Yster Louw	765
12	**3000m Atleet**	Jessica Bezuidenhout	774		Tiaan Jacobs	534
13	**Hekkies Kort**	Aascan Sonnekus	747		Kevin Hinton	703
14	**Hekkies Lank**	Aascan Sonnekus	814		Kevin Hinton	707

Veelsydigste Junior Dogter atleet **Luzandre van Zyl, Jessica Bezuidenhout**
Veelsydigste Junior Seuns atleet **Dean Koch**
Veelsydigste Senior Dogters atleet **Monique Stander**
Veelsydigste Senior Seuns atleet **Kevin Hinton**

Beste Algehele Dogters atleet: **Geraldine Duvenage**
Beste Algehele Seuns atleet: **Rudi Maaren**

RUGBY

Michiel Mostert

is vir die @lantic Sewes Span gekies wat op 4 Februarie 2012 teen die SA Skole Sewes span 'n voorwedstryd vir die Bulle teen OP in Port Elizabeth speel.

BAIE GELUK MICHIEL!

Gaan gerus op "Communicator" vir jongste uitslae, oefentye en nuus.

KRIEKET

Die **1ste-span** speel teen Potch Gimnasium. Hulle wen die loot en boul eerste. Gimmies teken 250/10 aan. Kempies antwoord met 232/10 en Gimmies wen met 18 lopies.

Die **O/15A-span** speel teen Potch Gimnasium. Hulle wen die loot en boul eerste. Gimmies teken 232 lopies aan. Kempies antwoord met 222 lopies. Gimmies wen met 11 lopies.

KEMPIES KONDISIONERINGSENTRUM

Onder leiding van Anton Bloem (Biokinetikus) en Sanette Voigt (Sportwetenskaplike).

Ons versoek vriendelik dat die ouers wie se kinders deelneem aan die Kondisioneringsentrum se sessies, asseblief die fooie van R90 per kwartaal by die kassiere gaan inbetaal en die strokies vir die afrigters gee.

Ons waardeer u samewerking.

Anton & Sanette

MUSIEKAKADEMIE

Die musiekakademie van Hoërskool Kempton Park funksioneer reeds vir 'n paar jaar en 'n waardevolle bydrae op kultuurgebied word aan die gemeenskap in en om Kempton Park gelewer.

Die volgende instrumente word aangebied: klavier, viool, tjello, individuele sang, kitaar, klawerbord.

Daar word ook aan eksterne eksaminering en kunswedstryde deelgeneem.

Voorskoolse tot volwasse leerlinge word toegelaat.

Vir enige navrae skakel Me Senekal by 011 972-5061(h)/079 516 8908(s) of by die skool 011 970-2102.

"COMMUNICATOR"

Ons hier by die Kempies wil graag ons ouers op hoogte hou van belangrike nuusberigte of datums van gebeure by die Kempies.

Ons vra u samewerking met die volgende: Ouers wat die communicator op hulle rekenaars afgelaai het, moet asseblief die volgende instruksie volg:
Kliek op "BESONDERHEDE" aan die linkerkant en voltooi die inligting volledig. Indien u reeds verlede jaar die communicator afgelaai het, moet u weer die besonderhede voltooi. Ons rekords toon dat daar slegs 'n persentasie van 46% ouers is wat die communicator gebruik. Ons wil poog om hierdie getal na 100% te verhoog – maar u MOET asseblief die BESONDERHEDE voltooi sodat ons rekords op datum gehou kan word.

Vir enige verdere hulp of inligting skakel vir Gertie Stander gedurende skoolure op 011 970 2102.
U kan ook die communicator by die volgende webwerf aflaai: www.school-communicator.com/downloads.

GESINSPITKOS

HOE WEET JOU KIND DAT JY HOM LIEFHET ?

Liefde
vir kinders beteken:

Om die lewe vir hulle
draaglik te maak
Om met hulle tevrede te wees
net soos hulle is
Om hulle weer en weer te vertrou
al verdien hulle dit nie
Om hulle te leer wat liefde is.

Wanneer ons 'n kind wil leer hoe hý moet liefhê, kan ons gerus kyk na wat die pragtige Engelse vertaling van Mattheus 5:13 se "julle is die sout vir die aarde...." naamlik :

"You are the world's seasoning to make it more tolerable"

Mag dit ons kinders se ervaring van ons liefde wees, dat ons liefde die wêreld vir hulle 'tolerable' maak.

Verwerk uit: ***Die nes wat ons bou***
deur Maretha Maartens

FINANSIËLE NUUSFLITS

Rekeninge vir Januarie is vandag aan leerders uitgedeel. Ons waardeer u spoedige betaling.

Betaling kan geskied as volg:
- Direk in die skool se bankrekening
- By die skool in kontant of per debiet/kredietkaart
- Per debietorder (aansoekvorm in kantoor)
- Eenmalige betalings met 5% korting

BANK BESONDERHEDE

ABSA
H/S Kempton Park
Tjek rekeningno: 260 391 992
Takkode: 632005
Verwysing: Leerdernommer.

Artikel 39 aansoeke sluit einde Februarie. Aansoekvorms is in die kantoor beskikbaar. Afsprake vir gedeeltelike kwytskelding moet gereël word vir Maart met me. Michelle Smith.

Algemene inligting

E-pos: kempies@kempies.co.za

Webtuiste: www.kempies.co.za

Tel: 011 970-2102

ADVERTENSIES & ALLERNEI

proxy Studio

Affordable Branding Solutions

www.proxystudio.co.za

Graphic Design & Printing:
Logos
Business Cards
Folders & Flyers

Signage:
Vehicle Signage & Magnets
Signboards
1 Way Vision Windows
Banners (Pull-up Banners)

Aviation:
Decals & Livery Design

Decor Products:
Wall Vinyls
Sandblast Decals
Canvasses

contact:
marlene 083 280 2921
e-mail graphics.marlene@gmail.com

DuCron OPLEIDING

EKSTRA WISKUNDE EN

FISIESE WETENSKAP KLASSE

KONTAK MARTIN (071 519 8757), WERNER (073 595 5505), MARIUS (084 240 7401) OF CHRISTINE (012 347 0311)

Belê nou al in u kind se toekoms!!

(Soos gesien op SABC 3 : 3 talk met Noeleen)

Doel
Verkort studietyd; verbeter studievaardighede en punte; geniet studies.

Aandag word gegee aan o.a.:
Opsommings maak en korrekte studiemetodes; memoriseringstegnieke; eksamenvoorbereiding; streshantering; tydsbenutting; lees-en luistervaardighede; selfbeeld; motivering en verbeterde konsentrasie.

Voordele
Individuele aandag deur gegradueerde opvoedkundiges; klein groepe; 6 klasse van 2 ure elk - gratis opvolg na 3 maande; gratis ondersteuning tot ouderdom 21; opgestel en onderskryf deur Universiteit van Stellenbosch (Hoofkantoor); tak alreeds 5 jaar suksesvol in Kemptonpark; **enigste studieprogram goedgekeur deur Onderwysdepartement..**

Vir gratis evaluering by u huis, kontak Dr Gerrit Jooste
082-923-1135
S.A. Geheue instituut

CK53 DRIVING SCHOOL

CK 53 DR SCHOOL:082 3800731
OF: 083 419 8043
E-POS ADRES: CK53DR@TELKOMSA.NET

KURSUS VIR LEERLING LISENSIE: WAARBORG	R 400.00
13 URE BESTUURS OPLEIDING	R 2,100.00
20 URE BESTUURS OPLEIDING	R 3,230.00
VOERTUIG GEBRUIK VIR TOETS IN KEMPTON	R 300.00
VOERTUIG GEBRUIK VIR TOETS BUITE KEMPTON	R 500.00
NORMALE PRYS PER UUR : R180.00	*R180*
BESOEK ONS EIE OEFEN BAAN H/V AANDBLOM EN FLAMBOYANT STR. EDLEEN	
KOBUS BENEKE	

ALARM
ALPHA SEKURITEIT,
OORNEEM VAN KONTRAK -
BEDRAG IS R400-00 Per maand,
In Edleen, Kempton Park area.
Sluit die 2 panic buttons in.
Susan Myburgh
Tel. (w) : 011 928 9846
Fax.: 011 397 6274
Cell Number: 072 650 2474
e-mail: susanmy@bell.co.za